



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**FEBRUARIE/MAART 2014**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 35 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.
2. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:  

|                         |      |   |  |
|-------------------------|------|---|--|
| AFDELING A: Roman       | (35) | } | Kies EEN vraag uit die afdeling/<br>afdelings wat jy behandel het. |
| AFDELING B: Drama       | (35) |   |  |
| AFDELING C: Kortverhale | (35) |   |  |
| AFDELING D: Gedigte     | (35) |   | Kies TWEE vrae indien jy hierdie<br>afdeling behandel het.         |
3. Dui die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste wat julle behandel het op die inhoudsopgawe op bladsy 3 aan.
4. Lees dan die vrae oor hierdie TWEE letterkundetekste.
5. Kies die vraag wat jy wil doen, volg die instruksies en beantwoord die vrae.  
**LET WEL:** Indien jy AFDELING D (Gedigte) beantwoord, moet jy TWEE vrae uit hierdie afdeling kies.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
8. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
9. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling
10. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.

**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord net EEN vraag.

| VRAAGNOMMER  | VRAAG              | PUNTE    | BLADSYNOMMER |
|--|--------------------|----------|--------------|
| 1. <i>Kringe in 'n Bos</i>                           | Opstelvraag        | 35 punte | 4            |
| <b>OF</b>  |                    |          |              |
| 2. <i>Kringe in 'n Bos</i>                           | Kontekstuele vraag | 35 punte | 4            |
| <b>OF</b>  |                    |          |              |
| 3. <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i> | Opstelvraag        | 35 punte | 7            |
| <b>OF</b>  |                    |          |              |
| 4. <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i> | Kontekstuele vraag | 35 punte | 8            |
| <b>OF</b>  |                    |          |              |
| 5. <i>Meeulanders</i>                                | Opstelvraag        | 35 punte | 11           |
| <b>OF</b>  |                    |          |              |
| 6. <i>Meeulanders</i>                                | Kontekstuele vraag | 35 punte | 12           |

**OF****AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord net EEN vraag.

|                             |                    |          |    |
|-----------------------------|--------------------|----------|----|
| 7. <i>Poppie, die drama</i> | Opstelvraag        | 35 punte | 16 |
| <b>OF</b>                   |                    |          |    |
| 8. <i>Poppie, die drama</i> | Kontekstuele vraag | 35 punte | 16 |
| <b>OF</b>                   |                    |          |    |
| 9. <i>Paljas</i>            | Opstelvraag        | 35 punte | 20 |
| <b>OF</b>                   |                    |          |    |
| 10. <i>Paljas</i>           | Kontekstuele vraag | 35 punte | 20 |

**OF****AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord net EEN vraag.

|                       |                    |          |    |
|-----------------------|--------------------|----------|----|
| 11. <i>Baby</i>       | Opstelvraag        | 35 punte | 24 |
| <b>OF</b>             |                    |          |    |
| 12. <i>Die pakkie</i> | Kontekstuele vraag | 35 punte | 24 |

**OF****AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord die vrae oor enige TWEE van die gedigte.

|                           |                    |           |    |
|---------------------------|--------------------|-----------|----|
| 13. <i>Kabouterliefde</i> | Kontekstuele vraag | 17½ punte | 28 |
| <b>OF</b>                 |                    |           |    |
| 14. <i>Woorde</i>         | Kontekstuele vraag | 17½ punte | 30 |
| <b>OF</b>                 |                    |           |    |
| 15. <i>Thumela</i>        | Kontekstuele vraag | 17½ punte | 32 |
| <b>OF</b>                 |                    |           |    |
| 16. <i>Kontak</i>         | Kontekstuele vraag | 17½ punte | 34 |

**AFDELING A: ROMAN****BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.****VRAAG 1: OPSTELVRAAG*****KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vir Joram as 'n karakter in die Bos bespreek.

Jy moet in jou opstel verwys na:

- Joram as houtkapper
- Joram as Saul se vader
- Die ironie van Joram se dood

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

**[35]****OF****VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG*****KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

|    |  |
|----|--|
| 1  | Sou hy vandag as vyand in hierdie bos geloop het as hy nie daardie dag         |
| 2  | die bloubokkie se kop oopgekloof het nie? Sy soektog na Oupoot is besig om     |
| 3  | dinge in hom oop te kloof wat hy nie oopgekloof wou hê nie! As hy nie          |
| 4  | daardie dag die bloubokkie se gal gesoek het nie, sou hy vandag Jozef se       |
| 5  | hand kon vat en vir hom sê: Ek is jammer oor jou seun? As hy terugdink, het    |
| 6  | die eerste weerbarstigheid daardie dag in hom losgekom ...                     |
| 7  | Jozef.   |
| 8  | Jozef met die goeie hart. Jozef wat eenmaal die rieme van sy skouers           |
| 9  | afgehaal het.  |
| 10 | Die derde oggend ná sy veertiende verjaarsdag het hulle met die uitsleep van   |
| 11 | die waenhout begin. As sy pa-hulle gekap het waar dit te skuins was om die     |
| 12 | osse af te bring, moes hulle self die hout stuk vir stuk uitsleep tot waar die |
| 13 | osse aangehaak kon word. Afgesien van die kalender vir die buikplanke, was     |
| 14 | die hout daardie keer nie te swaar nie.  |

2.1 Watter familielid van Saul het vir Saul op daardie stadium as “vyand” beskou? (Reël 1)

**(1)**

2.2 Waarom het dit by Saul se karakter gepas om die bloubokkie se kop oop te kap?

**(1)**

- 2.3 “... as hy nie daardie dag die bloubokkie se kop oopgekloof het nie?”  
(Reël 1–2)
- 2.3.1 Wat het Saul gesien toe hy die bloubokkie se kop oopgekloof het?  
(Reël 2) (1)
- 2.3.2 Watter afleiding het Saul toe oor die Bosmense gemaak? (1)
- 2.4 Wat het Jozef gesê toe Saul hom die waarheid oor die bloubokkie vertel het? (1)
- 2.5 Aan die einde van die roman het Jozef anders oor die bloubokkie-insident gedink. Motiveer hierdie stelling met TWEE feite. (2)
- 2.6 “... sou hy vandag Jozef se hand kon vat en vir hom sê: Ek is jammer oor jou seun?” (Reël 4–5)
- 2.6.1 Wat het met Jozef se seun gebeur? (1)
- 2.6.2 Hoekom kon Saul op daardie stadium nie vir Jozef sê dat hy jammer oor sy seun was nie? (1)
- 2.7 Gee DRIE redes waarom Saul self vir Oupoot wou skiet en nie vir **Freek Terblans** wou toelaat om dit te doen nie. (3)
- 2.8 Kies elke keer die naam uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (2.8.1–2.8.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A |   | KOLOM B |           |
|---------|---|---------|-----------|
| 2.8.1   | ... het vir Freek gevra om Oupoot dood te maak.       | A       | Maska     |
| 2.8.2   | ... het vir Saul kom sê dat Oupoot geskiet gaan word. | B       | Anneries  |
| 2.8.3   | ... het olifantande by die olifantjagters gekoop.     | C       | MacDonald |
| 2.8.4   | ... het Oupoot doodgeskiet.                           | D       | Stopforth |
|         |   | E       | Jozef     |

(4 x 1) (4)

- 2.9 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (2.9.1–2.9.4) en die antwoord neer.

|  |
|--|
| riem; os; houtkapper; houtkoper; krag; olifant; goudgrawer; moed |
|--|

Nadat Saul veertien jaar oud geword het, het Saul geleer om 'n ware (2.9.1) ... te word. Hy moes toe help om swaar hout uit te sleep. Om dit te doen, moes hy 'n (2.9.2) ... gebruik. Dit was moeilike werk wat eintlik vir 'n (2.9.3) ... bedoel was. Halfpad kon Saul nie meer die hout sleep nie, want hy het die einde van sy (2.9.4) ... bereik. (4)

- 2.10 Hoekom het Jozef aangebied om die kalender te kap toe Saul geweier het? (1)
- 2.11 Hoekom wou Saul nie die kalender afkap nie? (1)
- 2.12 Die Bosmense het vir Saul 'n verraaier genoem.
- 2.12.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 2.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.12.1. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 "Hoeveel skuld jy MacDonald?"  
 2 "Dit traak jou nie!"  
 3 "Maar daar was darem 'n tyd toe dit my noodgedwonge moes traak! Toe  
 4 elke pennie van my slaafloon by MacDonald van julle skuld afgetrek is!"  
 5 "Dit lieg jy!"  
 6 "As ek kom lieg het, sou ek iets anders gesoek het om oor te lieg. Iets  
 7 beters. Soos oor die tyd toe ek weggegaan het sodat julle julle hout kon  
 8 uitsleep en MacDonald sy sin kon kry."  
 9 "Ek weet nie waarvan jy praat nie."  
 10 "Daar is baie dinge waarvan jy nooit wou weet nie. Die maklikste uitweg  
 11 was om my skuldig te maak vir alles sodat jy nie nodig gehad om die  
 12 bloubokkie se kop oop te kap nie! Jy's aan meer liegte verkwansel as  
 13 waarvan jy ooit sal weet, Jozef Barnard!"  
 14 "Ek staat nie voor jou op koort nie!" skree Jozef woedend.  
 15 "Nee, nie voor my nie, maar voor jouself en voor jou ander kinders, oor wat  
 16 van hulle gaan word."  
 17 Die skielike waaksaamheid in Jozef is soos die opkom van 'n geweer se  
 18 loop. "Jy het niks met my kinders te doen nie. Niks!"  
 19 "Seker nie, maar ek gaan nog altyd vir jou vertel wat van hulle gaan word.  
 20 Hulle sal gelap en gestop en verkneg staan soos jy, Jozef. Jy sal hulle sien  
 21 byl swaai vir 'n tienie se suiker en 'n tienie se koffie en sien hoedat hulle nie  
 22 eers hul eie name kan skryf nie!"

- 2.13 Verduidelik waarom MacDonald verkeerd was om Saul se geld terug te hou vir sy pa se skuld. (1)
- 2.14 Wat lei jy af uit Jozef se antwoord aan Saul in reël 2: "Dit traak jou nie!"? (1)
- 2.15 Saul het vir Jozef oor sy kinders se toekoms gekritiseer. Was dit reg? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 2.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Saul het weggegaan (reël 7), want MacDonald ...
- A het hom gewaarsku oor sy verhouding met Kate.  
 B wou nie hê Saul moes goud delf nie.  
 C was bekommerd oor Saul se toekoms.  
 D wou nie meer Jozef-hulle se hout koop nie. (1)

- 2.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- “Jy sal hulle sien byl swaai ...” (reël 20–21) beteken Jozef se kinders sou ...
- A houtkappers bly.  
B goud begin delf.  
C suksesvol wees.  
D die Bos bewaar. (1)
- 2.18 Saul se stryd teen leuens het by die afkap van die kalender begin.
- 2.18.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 2.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.18.1. (1)
- 2.19 Saul het aan die einde van die verhaal met Jozef gaan praat. Wat sê dit vir jou oor Saul se karakter? (1)
- 2.20 Hoe het Saul seker gemaak dat die volgende twee karakters 'n goeie toekoms sou hê?
- 2.20.1 Jozef (1)
- 2.20.2 Izak (1)
- 2.21 Hoe weet jy dat Saul die Bos intens liefgehad het? (1)
- [35]

OF

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

**VRAAG 3: OPSTELVRAAG**

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy van Margot se besoek aan die gesin in die berghuis vertel.

Jy moet in jou opstel verwys na:

- Margot se aankoms by die berghuis
- Margot as kuiergas
- Margot se waardevolle bydrae aan die einde van die verhaal

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

[35]

OF

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG*****DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver***

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

|    |   |
|----|---|
| 1  | Nou sit ek op my bed, langs 'n flikkerende kers op 'n omgekeerde boks, en     |
| 2  | wonder waarom ek kan dig. Ek sien niks in die kamer wat my inspireer nie.     |
| 3  | Dis 'n baie basiese vertrek, omtrent so groot soos 'n tronksel, met 'n kaal   |
| 4  | houtvloer, twee bewerige ysterkatels en vier hake waaraan 'n paar kleding-    |
| 5  | stukke opgehang kan word. Die hake sit bokant 'n klein venstertjie, sodat die |
| 6  | hangende klere sommer ook as gordyne kan dien. G'n plafon nie, net swaar      |
| 7  | houtbalke wat die rietdak stut. G'n matjie of muurversiering nie. 'n Eenvou-  |
| 8  | dige, koue kamer. Dis al.   |
| 9  | Hoe gaan daardie versie nou weer?   |
| 10 | <i>Dis die vloer,</i>   |
| 11 | <i>dis die muur,</i>  |
| 12 | <i>dis die donkerste uur.</i>   |
| 13 | <i>Dis al.</i>  |
| 14 | <i>Dis die pen in my hand,</i>  |
| 15 | <i>dis die leë papier,</i>  |
| 16 | <i>dis die bitterste uur.</i>   |
| 17 | <i>Dis al.</i>  |
| 18 | Hanna Hoekom. Winter 2002. Bitterberg.  |
| 19 | Oukei, ek weet, dis nou nie juis Antjie Krog nie. Maar sy moes ook iewers     |
| 20 | begin. Ek sal my eerste versie <i>Stillewe</i> noem. Ter nagedagtenis aan my  |
| 21 | eerste speurverhaal wat so vroeg moes sneuwel.                                |
|    | ***   |
| 22 | Ek het gedog 'n gedig sou makliker as 'n speurverhaal wees. 'n Gedig het      |
| 23 | nie 'n spannende storielyn of 'n geloofwaardige ontknoping nodig nie. Net     |
| 24 | woorde. Nou weet ek van beter. Die bom bars oor middagete.                    |

- 4.1 Wie het hier op die berg vir Hanna die idee gegee om 'n gedig te skryf? (1)
- 4.2 Hanna se gesin het haar liefde vir lees aangemoedig.
- 4.2.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 4.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.2.1. (1)
- 4.3 Hanna verander die naam Botterberg na "Bitterberg". Wat dui die woord "Bitterberg" aan oor haar houding teenoor die plek waar hulle vakansie gaan hou het? (1)



- 4.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die berghuis waar die gesin met vakansie was, was met hul aankoms vir Hanna ...

- A 'n teleurstelling omdat dit so eenvoudig was.  
 B 'n hool aan die gatkant van Tafelberg.  
 C baie na aan haar idee van die paradys.  
 D nie te sleg nie, as gevolg van die natuurskoon. (1)

- 4.5 Hoekom pas die beskrywing van Hanna se kamer (reël 2–8) by die res van die huis? (1)

- 4.6 Waarom was Hanna se woorde in die tweede sin (reël 2) ironies? (2)

- 4.7 Waarom kan 'n mens verstaan dat Hanna haar kamer met 'n tronksel vergelyk het? (1)

- 4.8 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (4.8.1–4.8.4) en die antwoord neer.

|              |              |                |            |
|--------------|--------------|----------------|------------|
| verbeelding; | werklikheid; | sekuriteit;    | voorkoms;  |
| vriendin;    | toneelstuk;  | lewensverhaal; | kunstalent |

Hanna was ontevrede met haar lewe, (4.8.1 ) ... en vreemde gesin. Sy het daarom haar wonderlike (4.8.2) ... gebruik om weg te kom van die (4.8.3) ... en het begin om die (4.8.4) ... van Fabienne te skryf. (4)

- 4.9 Kies elke keer 'n naam uit KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (4.9.1–4.9.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A                                    | KOLOM B  |
|--|----------|
| 4.9.1 ... was 'n modeontwerper van beroep. | A Beyers |
| 4.9.2 ... was 'n gasspreker by funksies.   | B Yann   |
| 4.9.3 ... was 'n skilder.                  | C Margot |
| 4.9.4 ... kon ure lank na musiek luister.  | D Gavin  |
|  | E Mana   |

(4 x 1) (4)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 Ek gaan daardie roman skryf wat ek vir die koningin belowe het. Maar ek  
2 gaan nie oor 'n fabelagtige skepsel soos Fabienne skryf nie. Ek het so 'n  
3 gevoel ek is vir altyd klaar met Fabienne en haar fantastiese tande. (Ek het  
4 ook so 'n gevoel juffrou Liebenberg sal vreeslik verlig wees om dit te hoor.)  
5 Ek gaan 'n storie skryf oor 'n gemiddelde vaal meisiekind met 'n onwaarskyn-  
6 like ma en 'n selfs meer onwaarskynlike pa.  
7 Ek sal sorg dat daar vir Margot Jordan ook 'n rol is om te speel.  
8 'n Fassinerende moederfiguur. Iets tussen 'n bose heks en 'n goeie fee. En  
9 vir my beeldskone beste vriendin. En ag, nou ja, ek sal seker nie my  
10 irriterende stiefbroer uit die storie kan hou nie, nè?  
11 Hulle sal almal in my boek wees. Hoe het Beyers nou weer vanoggend  
12 gesê? *Honde, kinders, grootmense*. Selfs die suster vir wie ek so lank  
13 gewag het. Amanzi of Kwakwa of Water of wat haar naam ook al gaan  
14 wees.  
15 Terwyl my pa met uitgestrekte arms en rukkende heupe op die kombuis-  
16 tafel dans, sien ek die titel soos in 'n visioen. *Die ongelooflike avonture van*  
17 *Hanna Hoekom*. 'n *Ware verhaal*.  
18 Dit sal nou vir jou 'n storie wees!

- 4.10 “Ek gaan daardie roman skryf wat ek vir die koningin belowe het.” (Reël 1)
- 4.10.1 Wie was die koningin na wie Hanna hier verwys? (1)
- 4.10.2 Waarom het Hanna hierdie persoon “die koningin” genoem? (1)
- 4.11 “Ek het so 'n gevoel ek is vir altyd klaar met Fabienne en haar fantastiese tande.” (Reël 2–3)
- 4.11.1 Waarom was dit aan die begin van die roman vir Hanna so belangrik dat Fabienne “fantastiese tande” moes hê? (1)
- 4.11.2 Waarom was Hanna vir altyd klaar met Fabienne? (1)
- 4.12 Watter rol het juffrou Liebenberg in Hanna se storieskrywery gespeel? (1)
- 4.13 In die uittreksel wil Hanna 'n storie skryf oor “'n gemiddelde vaal meisiekind met 'n onwaarskynlike ma en 'n selfs meer onwaarskynlike pa.” (Reël 5–6)
- 4.13.1 Noem enige DRIE maniere waarop Mana deur haar kleredrag as “'n onwaarskynlike ma” uitgestaan het. (3)
- 4.13.2 Waarom was Gavin “'n meer onwaarskynlike pa”? Gee TWEE feite oor Gavin. (2)

- 4.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die feit dat Hanna vir Margot 'n rol as “iets tussen 'n bose heks en 'n goeie fee” (reël 8) in haar roman wou gee, dui aan dat Hanna vir Margot ...

- A as mens aanvaar het.  
 B bewonder het.  
 C wantrou het.  
 D as 'n goeie aktrise beskou het. (1)

- 4.15 Hanna was aan die begin baie opgewonde dat Gavin kom kuier het.

4.15.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

4.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.15.1. (1)

- 4.16 Tot watter besef het Hanna aan die einde van die verhaal oor die volgende karakters gekom:

4.16.1 Gavin as pa (1)

4.16.2 Margot (1)

- 4.17 Watter eienskap van Gavin het Hanna bewonder toe hy en die kinders alleen in die berghuis agterbly het? (1)

- 4.18 Die slothoofstuk se opskrif is: “Vaarwel, fabelagtige Fabienne”. Hoe het Gavin en Margot daartoe bygedra dat Hanna vir haar alter ego (Fabienne) vaarwel kon sê? (2)

**[35]**

**OF**

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

**VRAAG 5: OPSTELVRAAG**

***MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy die gevolge van Elsabet se verkeerde keuses bespreek.

Jy moet in jou opstel verwys na:

- Elsabet se keuse om op Meeuland te gaan woon
- Fred en Jacob se rol in Elsabet se keuse om Meeuland te verlaat
- Elsabet se keuse om terug te gaan Meeuland toe

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

**[35]**

**OF**

**VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG****MEEULANDERS – Esta Steyn**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

|    |  |
|----|--|
| 1  | “... Op die een of ander manier glo ek dat sy ’n Meeulander gaan wees. Dat sy        |
| 2  | aan die eiland sal behoort. Maak nie saak wie werklik toesig het nie.”               |
| 3  | Sy kyk na hom. “Ek is nie so seker daarvan nie. Die eiland kan mens                  |
| 4  | nie vir altyd beskerm teen die buitewêreld nie. Op die een of ander tyd moet         |
| 5  | mens die waarheid in die gesig kyk.”   |
| 6  | “Hoekom het jy Meeuland toe gekom?”  |
|    | ***  |
| 7  | “Miskien ... om dieselfde rede as jy,” sê sy sag.                                    |
|    | ***  |
| 8  | Hy staan voor haar met die kind in sy arms.  |
| 9  | “Nag.” Hy gaan uit en sy trek die deur agter hom dig.                                |
| 10 | “Nag, Jacob.”  |
| 11 | Sy gaan na die swartstoof en maak die vuurherd se deurtjie oop en gooi nog ’n        |
| 12 | paar stompies in. Sy maak die papiere op die tafel op ’n hokie bymekaar en           |
| 13 | bêre dit in die rak. En dan dra sy die groot kastrol warm water badkamer toe.        |
| 14 | Sy lê in die behaaglikheid van warm water en skuim en maak haar oë toe.              |
| 15 | <i>Ons vlug maar almal, Jacob. Ons dra ons letsels onder ons maskers. Ons is</i>     |
| 16 | <i>so bang ander sal weet. Ons is so bang om jammer gekry te word.</i>               |
| 17 | <i>Ons soek wildevybome om in te klim. Want ons wil in die ewige skadu’s</i>         |
| 18 | <i>wegraak en nooit weer uitkom nie. Of ons soek ’n eiland in die middel van die</i> |
| 19 | <i>see. Want ons wil afgesny wees van die pyn wat ons daar iewers buitekant op</i>   |
| 20 | <i>die wal verwond het.</i>  |
| 21 | Sy maak haar oë skielik oop en ’n vaag bekende reuk laat haar regop sit. Nog         |
| 22 | voordat sy weet wat dit is, voel sy hoedat die paniek elke senuwee snaarstyf         |
| 23 | laat span.   |
| 24 | lets brand!  |

- 6.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Toe Jacob gesê het hy glo Janka gaan ’n Meeulander wees (reël 1), het hy bedoel sy ...

- A kon eendag op Meeuland kom werk.
- B sou nie van Salamanderbaai hou nie.
- C sou die eiland ook soos Jacob liefhê.
- D kon eendag ’n boek oor malgasse skryf.

(1)

- 6.2 Wat was Janka se CB-naam?

(1)

- 6.3 Die lewe op Meeuland het nie vir Janka teen seerkry beskerm nie. Gee EEN rede om die stelling te motiveer.

(1)

- 6.4 Watter DRIE feite sou Jacob eendag vir Janka oor haar geboorte moes vertel?

(3)

- 6.5 Party karakters wat op Meeuland gebly het, word positief in die roman uitgebeeld en ander negatief.
- 6.5.1 Watter positiewe lewensles kan die leser by Jannerik leer? (1)
- 6.5.2 Waarom, dink jy, kan Elsabet as 'n negatiewe rolmodel gesien word? (1)
- 6.6 Hoe het Elsabet en Ryna Meeuland verskillend beskryf? (2)
- 6.7 Wat het Jacob en Elsabet oor Janka besluit toe hulle geskei is? Noem TWEE feite. (2)
- 6.8 Janka was net so gelukkig by Fred en Elsabet as op Meeuland.
- 6.8.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 6.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.8.1. (1)
- 6.9 Ryna se eie hartseer het minder geword toe sy gehelp het om Janka na Jacob en Elsabet se egskeding te versorg. Motiveer hierdie stelling. (1)
- 6.10 Ryna het in reëls 15–17 gesê: “*Ons vlug maar almal, Jacob. Ons dra ons letsels onder ons maskers. Ons is so bang ander sal weet. (...) Ons soek wildevyboom om in te klim.*”
- 6.10.1 Ná watter gebeurtenis het Ryna en Jannerik die eerste keer besluit om 'n wildevyboom te plant? (1)
- 6.10.2 Wie het in 'n wildevyboom weggekruip na Elsabet se dood? (1)
- 6.11 Waarom was Elsabet ongelukkig toe sy met die volgende mense getroud was?
- 6.11.1 Jacob (1)
- 6.11.2 Fred (1)
- 6.12 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (6.12.1–6.12.4) en die antwoord neer.

|   |
|---|
| verlaat; beskerm; geluister; vertrou; versorg; gevlug; verloor; bedrieg |
|---|

Ryna het na Meeuland (6.12.1) ... om weg te kom van die hartseer van haar man en seuntjie se dood. Op Meeuland het sy emosioneel gesond geword deurdat sy al hoe meer by mense betrokke geraak het. Elsabet het Ryna (6.12.2) ... en van haar frustrasies met Meeuland en Jacob vertel. Toe Elsabet Meeuland (6.12.3) ... het, het Ryna Janka versorg. Ryna en Jannerik het mekaar verstaan, want hulle het albei geweet wat dit beteken om iemand na aan jou te (6.12.4) ... (4)

- 6.13 Wat het die polisie gedink toe Ryna hulle destyds vertel het van die blonde man in die vuur? (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

|    |  |
|----|--|
| 1  | Hulle kom op die lughawe en dra Attie se bagasie aan. Sy dink aan die  |
| 2  | eerste dag toe hy vir haar na die Meeuw geneem het met haar paar       |
| 3  | stukke goed en Hansie se koekblikke. 'n Luidspreker kondig die vlug    |
| 4  | aan en meteens is die afskeid daar. Hy omhels vir Daniel en dan vir    |
| 5  | Tamara. "Julle tweetjies moet mekaar mooi oppas," sê hy terwyl hulle   |
| 6  | skamerig beaam. 'n Jong liefde is duidelik aan die blom. Hy groet vir  |
| 7  | Ryna laaste.   |
| 8  | "Attie ..." Haar oë skiet vol trane.                                   |
| 9  | "Mooi bly, Van." Net dit. En hy stap vinnig deur die sekuriteitshekke  |
| 10 | en wuif terug na hulle kant toe, voordat hy verder aanstap. Ryna kyk   |
| 11 | hom agterna en wuif. 'n Groep mense, almal met baie handbagasie,       |
| 12 | beweeg haastig verby haar. Iemand se tas stamp teen haar. "Ekskuus,    |
| 13 | mevroutjie," sê 'n forsgeboude man langs haar. Hy dra 'n kortmou-      |
| 14 | hemp en in een onvergeetlike oomblik sien sy skielik sy fris boarm met |
| 15 | 'n groot tatoeëermerk daarop.  |

- 6.14 Attie het besluit om van Meeuland af weg te gaan.
- 6.14.1 Waarheen het Attie weggegaan? (1)
- 6.14.2 Watter werk het Attie daar (VRAAG 6.14.1) gaan doen? (1)
- 6.14.3 Hoekom het Attie op daardie stadium besluit om van Meeuland af weg te gaan? (1)
- 6.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Die feit dat Ryna se oë vol trane geskiet het toe sy Attie gegroet het (reël 8), is 'n aanduiding dat sy ...
- A kwaad was omdat hy haar alleen gelos het.  
 B besef het dat sy Attie seergemaak het.  
 C gewet het Attie was die groot liefde van haar lewe.  
 D hartseer was omdat hy van sy seun geskei gaan wees. (1)
- 6.16 Op die lughawe het 'n frisgeboude man met 'n tatoeëermerk op sy arm (reël 13–15) aan Ryna gestamp en sy het skielik iets belangriks onthou.
- 6.16.1 Wie, het Ryna skielik onthou, was die man wat sy tydens die brand gesien het? (1)
- 6.16.2 Watter bewys het Ryna hiervoor gehad? (1)

- 6.17 Kies elke keer 'n naam uit KOLOM B om by die stelling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (6.17.1–6.17.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A  | KOLOM B      |
|--|--------------|
| 6.17.1 ... was Jacob se eerste liefde voordat hy met Elsabet getroud is. | A Magdel     |
| 6.17.2 ... was volgens Hermanus die oorsaak van al Schalk se probleme.   | B Marietjie  |
| 6.17.3 ... was verantwoordelik vir Elsabet se finale ongelukkigheid.     | C Mona-Maria |
| 6.17.4 ... het 'n positiewe invloed in Schalk se lewe gehad.             | D Jackie     |
|  | E Emily      |

(4 x 1) (4)

- 6.18 Hierdie roman het ook as een van die populêrste televisiereekse verskyn.

Hoekom, dink jy, was hierdie televisiereeks so populêr?

(1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**OF**

**AFDELING B: DRAMA****BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.****VRAAG 7: OPSTELVRAAG****POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel hoe die volgende dinge Poppie se lewe in Nyanga moeilik gemaak het.

Jy moet in jou opstel verwys na:

- Stone se werk en sy siekte
- Probleme om 'n pas te kry
- Jakkie se stryd teen die paswetstelsel

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

**[35]****OF****VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG****POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

|    |  |
|----|--|
| 1  | MOSIE ( <i>vorentoe</i> ). Dit was vir die kinders lekker om te sien hoe hardloop      |
| 2  | die grootmense vir die poeliesse weg. Jakkie het so gelag vir bhuti Plank              |
| 3  | toe die soldate hom uit die hoenderhok uithaal waar hy wegkruip.                       |
| 4  | <i>Jakkie en kinders begin te lag; boots bhuti Plank na.</i>                           |
| 5  | POPPIE ( <i>swaai haar om na die laggende kinders; aan Jakkie</i> ). Hou op met        |
| 6  | lag! Ek slaat jou dat jy vrek! ( <i>Draai terug na gehoor.</i> ) Dit was anders as die |
| 7  | lag toe ons jonk was vir oompie Pengi wat dronk is. Dit was nie die kinders            |
| 8  | se strike nie, dit was die grootmense se strike. En die kinders het vir hulle          |
| 9  | gelag. Hulle het gelag as hulle tata en hulle ooms en ouer bhuti's onder die           |
| 10 | beddens wegkruip en agter die klere in die klerekas en in die kleinhuysies en          |
| 11 | in die hoenderhokke en daar uitgesleep word.   |

8.1 Hoekom het bhuti Plank vir die polisie weggekruip? (1)

8.2 Die polisie het gereeld die mense se huise deursoek.

8.2.1 Wat was Mama se grootste vrees elke keer as sy die polisie buite haar huis gehoor het? (1)

8.2.2 Hoe het die polisie se optrede teenoor Stone verskil van hoe hulle gewoonlik teenoor die ander mans opgetree het? (2)



- 8.3 Watter lewensles het Poppie in die uittreksel vir Jakkie probeer leer oor sy gedrag teenoor ouer mense? (1)
- 8.4 Watter gevolge het die paswet op die volgende mense se lewens gehad?
- 8.4.1 Die grootmense (1)
- 8.4.2 Die kinders (1)
- 8.5 Wat het ouma Hannie destyds met Poppie en haar broers gedoen toe hulle vir oom Pengi wat dronk was, gelag het? (1)
- 8.6 Poppie het in reël 7–8 gesê: “Dit was nie die kinders se strike nie, dit was die grootmense se strike.”
- Hoekom het die opstand teen die paswet slegs die grootmense geraak? (1)
- 8.7 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (8.7.1–8.7.4) en die antwoord neer.
- |            |              |                   |                    |
|------------|--------------|-------------------|--------------------|
| antagonis; | buitaruimte; | dialog;           | dramatiese ironie; |
| klimaks;   | milieu;      | motoriese moment; | protagonis         |
- Die woorde van die karakters in hierdie drama noem ons die (8.7.1) ... Die hoofkarakter is die (8.7.2) ... en Poppie se troue vorm die (8.7.3) ... van die drama. Die ruimte waarbinne alles afspeel, noem ons die (8.7.4) ... (4)
- 8.8 Om watter TWEE redes is *Nkosi sikelel' iAfrika* as 'n vryheidslied so effektief in hierdie drama? (2)
- 8.9 Dink jy die grootmense het reg opgetree in hierdie opstande teen die paswet? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 8.10 Wat is die doel met die skuinsgedrukte woorde (kursief) in hierdie uittreksel? (1)
- 8.11 Jakkie het vir bhuti Plank teen die kinders beskerm.
- 8.11.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 8.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.11.1. (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

|    |   |
|----|---|
| 1  | POPPIE. Hoe sal ek nie huil nie? Eers het die wit poeliesse hom oor die             |
| 2  | paste by die hoenderhok geslaan, nou's dit weer sy eie broertjie.                   |
| 3  | MAMA. God het die ouers se gebede verhoor. Dis die Here wat deur die                |
| 4  | kinders praat. Die Here sê: Die drank het julle uitgeroei, julle moet dit laat      |
| 5  | staan.  |
| 6  | POPPIE ( <i>nadenkend</i> ). My kinders is nie hier nie. As hulle hier was, was     |
| 7  | hulle seker ook teen die wet en teen die drank. Maar deur my swaarkry, is           |
| 8  | hulle nou uit die ding. ( <i>Praat met Mosie en Mama</i> ). Ek is nou eerlik. As ek |
| 9  | die krag gehad het, sou ek ook iets gedoen het, maar nou het ek nie die             |
| 10 | krag nie, nou is ek tevrede met die wêreld soos dit nou is. Wat verby is, is        |
| 11 | verby. Ek is moeg, Mama. Daar moet nou rus kom.                                     |
| 12 | JAKKIE. Ek is nog nie moeg nie. Dis hoekom daar nog nie rus moet kom                |
| 13 | nie. Julle is moeg; ons nie.  |

8.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Poppie was bly dat haar dogters toe weg van hierdie probleme was en in ... gebly het.

- A Lambertsbaai
- B Kaapstad
- C Mdantsane
- D Herschel

(1)

8.13 In die uittreksel het Poppie getoon dat sy vir Jakkie ondersteun het in sy stryd teen die paswetstelsel.

8.13.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is.

(1)

8.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.13.1.

(1)

8.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Poppie kon in die uittreksel sê dat sy tevrede was met die wêreld soos dit was (reël 10), want ...

- A sy het haar eie huis en werk gehad.
- B sy het 'n pas en 'n werk gehad.
- C haar dogters was getroud en versorg.
- D haar seun het geld gestuur vir sy kind.

(1)

8.15 Dit was vir Mama 'n moeilike tyd toe Jakkie in die tronk was. Motiveer hierdie stelling met DRIE feite.

(3)

8.16 Wie het die volgende woorde vir Poppie gesê?

Kies elke keer 'n naam uit KOLOM B om by die aanhaling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (8.16.1–8.16.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A  | KOLOM B                                 |
|--|---|
| 8.16.1 “Poppie ... as jy eendag kinders kry, dan moet jy jou meisiekinders grootmaak net soos jou ouma vir jou grootgemaak het.” | A Mr Strydom<br>B Mrs Retief<br>C Stone |
| 8.16.2 “Jou swaar is nie die swaarste nie, Poppie, dat jou kinders weg is van jou. Maar ons weet nie waar ons kinders is nie.”   | D Ouma Hannie<br>E Mama                 |
| 8.16.3 “Nou ja, moenie moed verloor nie. Elke bybie kom van die Here af.”  |   |
| 8.16.4 “Jy kwalifiseer nie hier in die Kaap nie. Jy is getroud met 'n man uit die Ciskei, jy moet Ciskei toe.”                   |   |

(4 x 1) (4)

8.17 Jakkie het 'n tweede keer met die polisie gebots.

8.17.1 Wat het Jakkie gedoen dat hy vir die polisie gevlug het? (1)

8.17.2 Hoe het Jakkie se optrede vir Bonsile deel van sy probleme gemaak? (1)

8.18 Watter boodskap hou Poppie se lewe vir ouers in? (1)

8.19 Tydens watter situasie het Poppie aan haar geloof begin twyfel? (1)

8.20 Hoekom is Jakkie nie 'n voorbeeld van 'n goeie rolmodel vir die leser nie? (1)

**[35]**

**OF**

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.****VRAAG 9: OPSTELVRAAG****PALJAS – Chris Barnard**

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy van die McDonald-gesin se lewe op Toorwater vertel.

Jy moet in jou opstel verwys na die invloed van:

- Toorwater as blyplek
- Die koms van die sirkus
- Die dorpsmense/gemeenskap se optrede

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

**[35]****OF****VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG****PALJAS – Chris Barnard**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

- 1 KATRIEN: Wat het dan gebeur dat als ... só geword het?  
 2 HENDRIK: Ek weet nie, Katrina.  
 3 KATRIEN: Ons was tog op 'n tyd gelukkig!  
 4 HENDRIK: Ons was. Ek is nóg. Partykeer. (*Hy dink.*) Dis net: hoe meer  
 5 ons wou diékant toe, hoe meer het als met ons dáárdie kant toe geneuk.  
 6 *Sy sit net vir die muur en kyk.*  
 7 KATRIEN: Op Touwsrivier twintig jaar terug het almal gesê jy gaan stasie-  
 8 meester wees voor jy dertig is. Toe kom Emma. Toe Lydenburg. Toe  
 9 Soekmekaar. Toe kom Willem. Toe begin als verkeerd loop. Toe Twyfel-  
 10 fontein. Elke stasie 'n bietjie kleiner, bietjie valer, bietjie verder van als af.  
 11 (*Sy kyk reguit vir hom.*) Nou sit ons hier. Kyk hoe lyk als, Hendrik. Kyk hoe  
 12 lyk ons ...  
 13 HENDRIK (*eenvoudig*): Dis lekker hier, Katrina.  
 14 KATRIEN: ... Is dit?

- 10.1 In reël 1 verwys Katrien na haar en Hendrik se verhouding wat skeefgeloop het.  
Gee enige DRIE feite oor Hendrik en Katrien se verhouding op Toorwater. (3)
- 10.2 Katrien: “Nou sit ons hier. Kyk hoe lyk als, Hendrik.” (Reël 11)  
Noem enige TWEE kenmerke van die stasie waar hulle gebly het. (2)

- 10.3 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (10.3.1–10.3.4) en die antwoord neer.

antagonis; buiteruimte; dialoog; dramatiese ironie;  
klimaks; milieu; motoriese moment; protagonis

Die woorde van die karakters noem ons die (10.3.1) ... Die hoofkarakter is die (10.3.2) ... en die gebrul van die leeu vorm die (10.3.3) ... van die drama. Die ruimte waarbinne alles afspeel, noem ons die (10.3.4) ... (4)

- 10.4 Hendrik het vir Katrien gesê: “Ek wou jou **vir myself** hê.”

10.4.1 Wat het Hendrik met hierdie woorde geïmpliseer? (1)

10.4.2 Watter karaktereienskap van Hendrik kom na vore in hierdie woorde? (1)

10.4.3 Waarom was dit vir Hendrik onnodig om op kleiner stasietjies te gaan werk om Katrien vir homself te hê? (1)

- 10.5 Waaruit kan jy aflei dat Hendrik die swak verhouding tussen hom en Katrien probeer verbeter het? (1)

- 10.6 Kies elke keer 'n naam uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (10.6.1–10.6.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A   | KOLOM B       |
|---|---------------|
| 10.6.1 ... was 'n grapmaker.                            | A Jan Mol     |
| 10.6.2 ... was aanvallend en veroordelend.              | B Nollie Kemp |
| 10.6.3 ... het stilgebly as gevolg van 'n angstoestand. | C Frans       |
| 10.6.4 ... het die McDonalds op die dorp verdedig.      | D Willem      |
|   | E Manuel      |

(4 x 1) (4)

- 10.7 Emma het haar houding teenoor Nollie aan die einde van die drama verander.

10.7.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

10.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.7.1. (1)

- 10.8 Wat het Katrien met haar vraag “Is dit?” (reël 14) bedoel? (1)

- 10.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Watter EEN van die onderstaande moontlikhede is 'n tema in Paljas?

- A Gelukkige werksomstandighede
- B Gebrek aan kommunikasie
- C Gesinsgeweld
- D Misdaad

(1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 HENDRIK: Presies! Ons is maar net mense. Wat ons ding op ons eie  
2 manier doen. Maar daar's 'n groot wêreld daar buitekant, my kind, wat sê:  
3 Julle doen dit soos ons almal dit doen, of ons maak ons mausers leeg op  
4 julle.

5 *Willem het binnegekom en hy staan langs sy ma.*

6 KATRIEN: Sê hy al iets?  
7 WILLEM: Hy slaap.  
8 HENDRIK: Ek is Hendrik McDonald. En ek mág ek wees. En jy mag Emma  
9 wees. En Ma en Willem en almal. Nollie Kemp is Nollie Kemp en klaar.  
10 Ons is ons met al ons skete en al. (*Hy kyk skielik vir Willem.*) Of wat sê jy,  
11 Willem?  
12 WILLEM: Manuel het niemand iets gedoen nie.  
13 HENDRIK: Presies!

14 Manuel lê vir die dak en kyk. Willem staan langs die bed. Hy is besig om  
15 Manuel uit te lok soos Manuel hom aanvanklik uitgelok het. Hy maak soos 'n  
16 hoenderhen. As Manuel nie reageer nie, begin hy in die vertrek rondloop  
17 presies soos 'n hen. As Manuel steeds nie reageer nie, gaan staan Willem  
18 weer langs sy bed.

- 10.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Met “Ons is maar net mense. Wat ons ding op ons eie manier doen” (reël 1–2) verwys Hendrik daarna dat die McDonald-gesin ...

- A anders as die ander mense opgetree het.
- B met duiwelse toorkuns in die skuur besig was.
- C dikwels kerkdienste bygewoon het.
- D arm, maar eerlike mense was.

(1)

- 10.11 Wie was die “hy” na wie Katrien in reël 6 verwys het?

(1)

- 10.12 Wat het gebeur dat die “hy” by Hendrik-hulle in die huis was?

(1)

- 10.13 Manuel wou aan die einde van die drama op Toorwater bly.
- 10.13.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 10.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.13.1. (1)
- 10.14 In reël 14–16 probeer Willem 'n reaksie by Manuel uitlok.
- 10.14.1 Watter reaksie wou Willem by Manuel uitlok? (Reël 15) (1)
- 10.14.2 Waarom wou Willem gehad het Manuel moes reageer? (1)
- 10.15 Musiek speel 'n belangrike rol in hierdie drama.
- 10.15.1 Watter emosie kon Emma aan die einde van die drama deur haar musiek uitdruk? (1)
- 10.15.2 Wat het die nostalgiese plate waarna Hendrik geluister het, vir hom beteken? (1)
- 10.16 Die stemming in die McDonald-huis het aan die einde van die drama verander.
- 10.16.1 Watter stemming was daar aan die begin van die drama in die McDonald-huis? (1)
- 10.16.2 Watter stemming was daar aan die einde van die drama in die McDonald-huis? (1)
- 10.17 Aan die einde het die dorpenaars en die McDonald-gesin saam gekuier. Dink jy die gelukkige slot is realisties? Motiveer jou antwoord. (1)
- 10.18 Waarom kan ons sê die titel van die drama is gepas? Gee TWEE redes. (2)

**[35]****TOTAAL AFDELING B: 35****OF**

**AFDELING C: KORTVERHALE****BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.****VRAAG 11: OPSTELVRAAG****STORIEJOERNAAL****Baby – EKM Dido**

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van Baby en Attie se ervarings op Nqamakwe.

Jy moet in jou opstel verwys na:

- Baby en Attie se aankoms op Nqamakwe
- Baby en Attie se vreemde gedrag
- Die waarheid oor Baby en Attie

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

**[35]****OF****VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG****Die pakkie – Leonard Koza**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

|    |   |
|----|---|
| 1  | “Mirrag, Mammie,” groet Esther, Sally Filander se beeldskone dogter wat nog   |
| 2  | op hoërskool is. Mevrouw Filander is besig om uie fyn te sny en in 'n pot te  |
| 3  | gooi. Kort-kort lig sy die deksel om seker te maak dat die uie nie vasbrand   |
| 4  | nie. Die skerp geluid van die kombuisdeur trek haar aandag en sy draai        |
| 5  | stadigies om. Esther groet en verdwyn in haar kamer, voordat haar ma          |
| 6  | ordentlik kan teruggroet. Gewoonlik vertoef Esther in haar kamer totdat       |
| 7  | aandete gereed is. Sy is dan ook net mooi klaar met haar huiswerk. Na ete     |
| 8  | ontspan sy gewoonlik 'n bietjie voor die TV voordat sy begin met              |
| 9  | voorbereiding vir klastoetse. Mevrouw Filander is besig om die tafel skoon te |
| 10 | vee. Sy maak aartappel- en uieskille bymekaar om in die vullisdrom te gooi.   |
| 11 | Met die skielike oopmaak van die agterdeur gewaar sy iemand by die hekkie     |
| 12 | wat allerhande handgebare maak. Eers dink sy die man het nie al sy varkies    |
| 13 | op hok nie. Sy gaan loer skelmpies deur haar kamervenster. Tot haar           |
| 14 | verbasing moet sy sien dat die snaakse handgebare vir Esther gemaak word.     |

12.1 Noem TWEE van Esther se karaktertrekke wat jy uit reëls 5–9 kan aflei.

**(2)**



- 12.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Mev. Filander het in reël 12–13 gedink “die man het nie al sy varkies op hok nie”, want ...
- A dit het gelyk asof hy abnormaal was.  
 B sy hare het soos ’n mop gelyk.  
 C dit het gelyk asof hy met Esther kommunikeer.  
 D hy het ’n ooring in sy oor gehad. (1)
- 12.3 Wat was in die pakkie waarna die titel verwys? (1)
- 12.4 Waarom, dink jy, was dit tot Esther se voordeel dat haar ma juis op daardie oomblik die agterdeur moes oopmaak? (Reël 11) (1)
- 12.5 Die man het geld by Esther kom haal.
- 12.5.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 12.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.5.1. (1)
- 12.6 Esther het gesê die man by die hek was haar klasmaat. Gee DRIE redes waarom mev. Filander dit nie kon glo nie. (3)
- 12.7 Mev. Filander wou weet wat in die pakkie was. Wat was Esther se antwoord? (1)
- 12.8 Dink aan die area waarin die Filander-gesin gewoon het. Hoekom het mev. Filander oorreageer teenoor die man by die hekkie? (1)
- 12.9 Waarom, dink jy, kon Esther en haar ma maklik by die verkoop van dwelms betrokke geraak het? Gee TWEE redes. (2)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 ’n Nuuskierige skare van skoolkinders en grootmense bewonder reeds die  
 2 luukse motor van nader. Iemand uit die skare skree: “Au! Pang Doodmaak, wat  
 3 soek djy en Miena hie? D jy bly mos innie Kriefgat daa’ innie Elsie. Wat soek  
 4 djy hier?” Pang Doodmaak kyk eers mooi rond, want hy as bendeleier is nie  
 5 veronderstel om in ’n plek buite sy gebied “biesagheid” te maak sonder  
 6 onderhandelings met die leier van die plaaslike bende nie. Dié sal hom onder  
 7 sekere voorwaardes toelaat om sy “produkt” te “bemark”.  
 8 Toe daar geen antwoord is van Pang Doodmaak nie, sê die stem uit die  
 9 skare: “D jy kan mossie hie’ kô oo’vattie. Djulle sal vi’ o’s wit biene maak as  
 10 o’s soos djy nou Elsie moet kô oo’vat.” Pang Doodmaak besef dat die  
 11 wêreld vir hom warm gemaak kan word en hy sal die stem moet antwoord.  
 12 “D jy sien my bla, os’ try om ’n ding straight te maak. Dié bla’tjie het ’n parcel  
 13 van o’s en nou is dit glo innie hanne van mense wat o’ssie ken nie.”  
 14 Pang kyk op sy horlosie en fluister vir Miena: “O’s sal moet martial law  
 15 gebruik om daai parcel te kry.”

- 12.10 “Pang Doodmaak besef dat die wêreld vir hom **warm** gemaak kan word ...”  
(Reël 10–11).
- 12.10.1 Word die sin letterlik of figuurlik bedoel? (1)
- 12.10.2 Wat word met die woorde bedoel? (1)
- 12.11 In hierdie kortverhaal het van die karakters vreemde name. Wat suggereer die volgende name:
- 12.11.1 Pang Doodmaak (1)
- 12.11.2 Slang (1)
- 12.12 Mev. Filander het Pang al voorheen ontmoet.
- 12.12.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 12.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.12.1. (1)
- 12.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Hoe het Pang gevoel toe mev. Filander oor sy ouers gepraat het? Hy het ... gevoel.
- A kwaad  
B skuldig  
C geïrriteerd  
D traak-my-nie-agtig (1)
- 12.14 Kies elke keer die karakter uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (12.14.1–12.14.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A  | KOLOM B              |
|--|----------------------|
| 12.14.1 ... het aan die begin van die verhaal by die hekkie gestaan. | A Miena<br>B Jakkals |
| 12.14.2 ... het saam met Pang in die motor gery.                     | C Slang<br>D Allie   |
| 12.14.3 ... se tweede naam was “Bang vir niks”.                      | E Pietie             |
| 12.14.4 ... was Pang se vader.                                       |                      |

(4 x 1) (4)

- 12.15 Voltooi die paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (12.15.1–12.15.4) en die antwoord (A–D) neer.

|            |           |              |          |
|------------|-----------|--------------|----------|
| handeling; | kerkmens; | bendeledede; | konflik; |
| voordeel;  | pessimis; | polisie;     | dienste  |

Daar was uiterlike (12.15.1)... tussen mev. Filander en Esther oor die inhoud van die pakkie. Esther was in 'n moeilike posisie, want sy was bang vir haar ma en die (12.15.2) ... Die geldelike (12.15.3) ... van Pang Doodmaak se besigheid was groot. Mev. Filander was egter 'n (12.15.4) ... en wou nie by onwettige dinge betrokke geraak het nie.

- (4)
- 12.16 Wat het Esther met die pakkie gedoen terwyl Pang en mev. Filander gesels het? (1)
- 12.17 Wie het die pakkie gevind? (1)
- 12.18 Watter waarskuwing het Pang vir Slang oor skoolkinders gegee? (1)
- 12.19 Waarom was mev. Filander 'n goeie rolmodel vir haar dogter? (1)
- 12.20 Sê waarom die titel van die verhaal gepas is. (1)
- 12.21 Watter lewensles word in hierdie kortverhaal uitgebeeld? (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**OF**

**AFDELING D: GEDIGTE****VERSJOERNAAL****BEANTWOORD TWEE VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE.****VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Kabouterliefde – Ingrid Jonker**  
**(Vir Simone)**

1 Die kabouter met die rooi-rooi pet  
2 die kabouter met die geel hemp aan  
3 het sy hart gistraand vir my gegee  
4 en sy hemp is vir die maan

5 Die hoepelronde blou-blou lug  
6 het kadoemps op die grond geval  
7 hy't dit blink-blou in sy hand gerol  
8 toe speel ons daarmee bal

9 Die sterre met hul wit ligte  
10 het geknipoog toe ons lag  
11 hul't rondom ons in 'n kring getrek  
12 soos 'n laer in die nag

13 Die aandblom het sy trom-trompet  
14 geblaas in die warrelwindkring  
15 die kalkoentjies met hul rooi mondjies  
16 het die sprinkaan-wals gesing

17 Die maan met sy geel lyfie  
18 het gaan plat lê op sy rug  
19 hy't gaan slaap by die gousblomme  
20 met sy boepens in die lug

21 Die kabouter met die rooi-rooi hart  
22 het dit self vir my gesê  
23 hy't die aardbol oor sy kop gegooi  
24 o dis hier waar die liefde lê

13.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die antwoord neer.

In strofe 1 gebruik die digter (gebroke rym/kruisrym). (½)

13.2 Wie was Simone? (1)

13.3 Waarom word “gistraand” in plaas van “gisteraand” gebruik? (Versreël 3) (1)

- 13.4 Watter stemming skep die woorde “toe ons lag”? (Versreël 10) (1)
- 13.5 Wat is die funksie van die herhaling van “rooi-rooi” in strofe 1 en strofe 6? (1)
- 13.6 Waarom, dink jy, het die kabouter:
- 13.6.1 Sy hart vir die spreker gegee (1)
- 13.6.2 Sy hemp vir die maan gegee (1)
- 13.7 Wat kon die kabouter as bal gebruik om mee te speel? (1)
- 13.8 Gee ’n voorbeeld van personifikasie in strofe 3. (1)
- 13.9 Selfs die sterre was tevrede met hulle verhouding. (Strofe 3)
- 13.9.1 Waarmee word die kring van sterre vergelyk? (1)
- 13.9.2 Verduidelik hierdie vergelyking in VRAAG 13.9.1. (1)
- 13.10 Kies elke keer ’n woord uit KOLOM B wat by ’n stelling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (13.10.1–13.10.3) en die letter (A–D) neer.

| KOLOM A |   | KOLOM B |              |
|---------|---|---------|--------------|
| 13.10.1 | Hierdie blomme het ’n rusplek vir die maan verskaf. | A       | maanblom     |
| 13.10.2 | Hierdie blomme het gesing.                          | B       | gousblomme   |
| 13.10.3 | Hierdie blom bespeel ’n musiekinstrument.           | C       | kalkoentjies |
|         |   | D       | aandblom     |

(3 x 1) (3)

- 13.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die “sprinkaan-wals” (versreël 16) is ’n ...

- A blom. (1)
- B dans. (1)
- C voël. (1)
- D insek. (1)

- 13.12 Die kabouter het vir niemand vertel waar die liefde lê nie.

13.12.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

13.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 13.12.1 deur EEN versreël uit strofe 6 aan te haal. (1)

- 13.13 Die gedig skep die idee dat die liefde net in sprokies bestaan. Motiveer hierdie stelling. (1)

**[17½]****OF**

**VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Woorde – Vincent Olyphant**

1 my woorde het nie die krag  
2 om borse magte tot 'n val te bring nie  
3 my woorde kan bloot sing

4 my woorde is nie 'n dak  
5 om onder te skuil nie  
6 my woorde is swak

7 my woorde kan nie keer  
8 dat ons die kromme note haal nie  
9 my woorde is kaal

10 glo tog  
11 my woorde het nie die byt  
12 van koeëls en grofgeskut nie  
13 nee  
14 my woorde kan bloot bid  
15 en pleit  
16 en wens  
17 medeburgers van die lewe  
18 dat ons van grense sal vergeet  
19 en bloot mens sal wees  
20 en medemens

- 14.1 Hierdie gedig is 'n persoonlike gedig. Watter woord word in die gedig herhaal om dit aan te dui? (½)
- 14.2 In hierdie gedig sê die spreker wat sy woorde kan doen/nie kan doen nie.
- 14.2.1 Wat kan die spreker se woorde volgens strofe 1 nie doen nie? (1)
- 14.2.2 Wat kan die spreker se woorde volgens strofe 1 doen? (1)
- 14.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die antwoord neer.
- As die spreker in strofe 2 sê: “my woorde is nie 'n dak ...” beteken dit dat sy/haar woorde nie (beskerming kan bied/reën kan keer) nie. (1)

- 14.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die spreekwoord “die kromme note haal” dui aan dat die spreker se woorde nie probleme ... kan oplos nie. (Versreël 8)

- A baie vinnig  
B sonder moeite  
C sonder rusies  
D baie effektief (1)

- 14.5 Wat word met “my woorde is kaal” (versreël 9) bedoel? (1)

- 14.6 Wat doen woorde wat “byt” (versreël 11) aan ander mense? (1)

- 14.7 Haal TWEE APARTE WOORDE uit die gedig aan wat met oorlog geassosieer kan word. (2)

- 14.8 Waarom staan “nee” alleen in versreël 13? (1)

- 14.9 Wat kan woorde volgens versreël 14–16 wel doen? (1)

- 14.10 Sê in jou eie woorde watter universele boodskap die spreker in versreël 17 wil oordra. (1)

- 14.11 Wat suggereer die woord “grense” (versreël 18) oor menseverhoudings? (1)

- 14.12 In reël 20 verwys “medemens” net na die mense wat dieselfde gebruike en gewoontes as jy het.

- 14.12.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

- 14.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 14.12.1. (1)

- 14.13 Kies elke keer die woord uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (14.13.1–14.13.3) en die letter (A–D) neer.

| KOLOM A  | KOLOM B         |
|--|-----------------|
| 14.13.1 “my woorde is nie ’n dak”                  | A alliterasie   |
| 14.13.2 “ <u>b</u> loot <u>b</u> id”               | B metafoor      |
| 14.13.3 “my <u>w</u> oorde kan <u>b</u> loot sing” | C alleenplasing |
|  | D assonansie    |

(3 x 1)

(3)  
[17½]

OF

**VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Thumela – Elmé Barnard**

1 tot siens meneer  
2 het jy geskree  
3 en vir oulaas gemaak ernstig  
4 na 'n kennisgewingsbord  
5 met hordes sportaankondigings  
6 en lyste eksamenroosters  
7 wat jou nie meer kon raak  
8 gestaar  
9 jou boeksak toe  
10 met 'n wilde tol  
11 die lug ingeskiet  
12 en 'n geskiedenisboek gepos  
13 sodat die blaaie  
14 verward  
15 oor die verlate skoolvierkant saai  
16 terwyl jy laggend  
17 om 'n hoek verdwyn  
18 gemaak geskok  
19 het meneer weggedraai  
20 maar ek het bly wonder  
21 of dit vir jou  
22 dan niks beteken

15.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die antwoord neer.

Die titel “Thumela” beteken (om weg te stuur/om ernstig te wees). (½)

15.2 Waarom, dink jy, word “meneer” (versreël 1) met 'n kleinletter geskryf? (1)

15.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die doel met die spasie tussen “oulaas” en “gemaak” (versreël 3) is om ...

- A die woorde wat volg te beklemtoon.
- B te wys dat die spreker woordeloos is.
- C 'n kontras aan te dui.
- D die versreël te verleng. (1)

15.4 Hoekom het die leerder vir oulaas na die kennisgewings gekyk? (1)

15.5 Haal die TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat daarop dui dat die leerder nie regtig gelees het wat op die kennisgewingsbord staan nie? (1)



- 15.6 Watter TWEE tegnieke word gebruik om aan te dui dat die akademiese rooster en sportprogram baie vol was? (2)
- 15.7 Aan watter emosie, dink jy, het die leerder uiting gegee toe hy/sy die boeksak in die lug gegooi het? (1)
- 15.8 Wat kan die geskiedenisboek (versreël 12) simboliseer? (1)
- 15.9 Die onderwyser was teleurgesteld oor die leerder se gedrag.
- 15.9.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 15.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 15.9.1 deur EEN VERSREËL aan te haal. (1)
- 15.10 Dink jy die onderwyser het reg opgetree toe hy “weggedraai” het (versreël 19)? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)
- 15.11 Kies elke keer die woord uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (15.11.1–15.11.3) en die letter (A–D) neer.

| KOLOM A |   | KOLOM B |                |
|---------|---|---------|----------------|
| 15.11.1 | Hierdie gedig het nie ’n vaste rympatroon nie.  | A       | enjambement    |
| 15.11.2 | Die woord “verward” in versreël 14 is ’n voorbeeld van hierdie beeldspraak.                         | B       | personifikasie |
| 15.11.3 | Die funksie van hierdie stylfiguur is om in hierdie gedig te wys dat dinge vinnig na mekaar gebeur. | C       | vrye vers      |
|         |   | D       | sonnet         |

(3 x 1) (3)

- 15.12 In watter versreël verskuif die fokus in die gedig na die toeskouer toe? Haal die VERSREËL aan. (1)
- 15.13 Waarna verwys “dit” in versreël 21? (1)
- 15.14 Watter negatiewe indruk kry die leser van skoolverlaters in hierdie gedig? (1)

**[17½]****OF**

**VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Kontak – Theo de Jager**

- 1 Ek kon jou met 'n selfoon bel  
2 om te sê dat ek jou baie mis,  
3 maar die kaart was gekrap, die batterye pap  
4 en die boodskap het in die niet verdamp.
- 5 Ek het vir jou 'n brief geskryf  
6 en my hart se hoeke daarin uitgewas  
7 maar my pen was krom, my vingers te dom  
8 om die woorde in die koevert te pas.
- 9 Toe het ek maar 'n duif gestuur  
10 sonder skrif of klank, en nou wag ek,  
11 hoop ek en bid ek dat hy terug sal kom  
12 met 'n takkie blare in sy bek.

- 16.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die antwoord neer.

'n Strofe wat uit vier reëls bestaan, noem ons 'n (kwintet/kwatryn). (½)

- 16.2 Waarom is “Kontak” ’n gepaste titel vir die gedig? (1)

- 16.3 Wat is die funksie van “maar” in strofe 1? (1)

- 16.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die woord “verdamp” in versreël 4 beteken ...

- A verloor.  
B verskyn.  
C verdwyn.  
D verander. (1)

- 16.5 Hoe verskil die metode van kommunikasie in strofe 1 en strofe 2 van mekaar? (2)

- 16.6 Voltooi die paragraaf. Gebruik die opsies in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (16.6.1–16.6.2) en die antwoord neer.

alomteenwoordige spreker; onpersoonlike; ek-spreker; persoonlike

Hierdie gedig is 'n (16.6.1) ... gedig, want hier is 'n (16.6.2) ... aan die woord. (2)

- 16.7 Uiteindelik het die skrywer toe nie die brief gepos nie. Motiveer die stelling uit die gedig. (1)
- 16.8 Die spreker het **geweet** die duif sou suksesvol in sy taak wees.
- 16.8.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 16.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 16.8.1. (1)
- 16.9 Wat is die simboliese waarde van “takkie blare in sy bek”? (Reël 12) (1)
- 16.10 Jy is die spreker se geliefde. Sou jy die spreker se verskonings geglo het? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)
- 16.11 Kies elke keer die verduideliking uit KOLOM B om by die aanhaling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (16.11.1–16.11.3) en die letter (A–D) neer.

| KOLOM A                             | KOLOM B  |
|-------------------------------------|--|
| 16.11.1 “maar die kaart was gekrap” | A Hy kon homself nie op papier uitdruk nie.                |
| 16.11.2 “maar my pen was krom”      | B Hy het besluit om die oudste vorm van kontak te gebruik. |
| 16.11.3 “maar ’n duif gestuur”      | C Hy het nie ’n pen gehad nie.                             |
|                                     | D Die simkaart was foutief.                                |

(3 x 1) (3)

- 16.12 Hoe gaan die boodskap, wat die spreker met die duif stuur, **anders** as die boodskappe in strofes 1 en 2 wees? Haal VIER OPEENVOLGENDE WOORDE uit strofe 3 as antwoord aan. (1)
- 16.13 Dink jy die geliefde sou die boodskap van die duif reg verstaan het? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

**[17½]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**  
**GROOTTOTAAL: 70**